S. Greydanus), *Schriftoverdenkingen*. Uitgegee deur J. H. Kok, Kampen, Nederland.

Hierdie een-en-twintig skrifoordenkings is die werk van prof. dr. S. Greydanus wat van 1917 professor in die Nuwe Testamentiese vakke aan die Teologiese Hoërskool van die Geref. Kerke te Kampen in Neder-

land was. In 1944 het hy hom aangesluit by die muwe kerkformasie die „Gereformeerde Kerken onderhoudende artikel 31 K.O." As emeritus hoogleraar is hy deur die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke geskors, maar toe die nuwe formasie sy eie Teologiese Hoërskool ook in Kampen stig, het hy sy vakke in die nuwe Hoëskool gedoseer.

In die,Woord Vooraf" deel prof. C. Veenhof, ook van die skool van die nuwe kerkverband, ons mee, dat prof. Greydanus die Skrifoordenkings bedoel het „als richtlijnen en vuurbakens . . . bij onze gang door dit tijdelijk leven, en voor het menselijk handelen in dit aardse bestaan."

Vir die grootste deel is hulle oorgedruk uit die „Friesch Kerkblad', van Aug. 1916—Dec. 1917 waarvan prof. Greydanus redakteur was.

Al is hulle oud, want hulle is reeds tydens die eerste wêreldoorlog geskryf, tog het hulle hul waarde nog nie verloor nie.

Hoewel prof. Greydanus nutestamentikus was, het hy tog ongeveer tweederde van sy oordenkings uit die Ou Testament geneem.

Sy betoogtrant is helder. Sy eksegese is gesond. Sy Skrifoordenkings getuig van 'n kragtige gees en van 'n strenge lewensopvatting.

Sy bede was dat hulle nog tot enige seën mag meewerk. Mag God dit gee.

JOH. DREYER.